

# Tjokkiebrief

**Kw. 4 NUUSBRIEF 1 20 Oktober 2025**



## Welkom terug vir die Vierde Kwartaal

# KONSERT 2025: TUINSTORIES

*"Blom waar jy geplant is"*

Wees saam met ons opgewonde oor ons Tuinstories Konsert waar blommetjies, goggatjies, die wind en die weer, sampioene, skoenlappers en allerhande tuin-dierjies behoorlik op die verhoog gaan blom!

Hier volg u alles-in-een konsertreëlings:

**Hou hierdie brief om elke keer terug te kyk na reëlings!**

**Oefening**: Probeer asseblief dat u kleuter tot met die konsert elke dag by die skool is om nie 'n oefening te mis nie! Ons tyd is baie min. Almal oefen nie elke dag nie en soms is die saal nie beskikbaar nie, ons moet dus elke oefen tydjie wat ons kry benut.

**Datum:** Maandag, 10 November - Kleedrepetisie (In skooltyd)
Woensdag, 12 November - Konsert (18h15)
Donderdag, 13 November - Konsert (18h15)

**Karakters**: Elke kleuter het 'n spesiale rol. Alle rolle is belangrik en die kleuters is oorgehaal om hul karaktertjie met oorgawe te vertolk.

**Kostuums**: Die vrolike tuin-kostuums gaan pragtig wees en ál die kleuters se kostuums word met sorg deur die skool gereed gekry en voorsien. Die huur-fooi van die kostuums is ingesluit by die konsertfooi.

**Hare**: Spesifieke hare-reëlings sal nader aan die tyd per briefie uitgegee word.

**Grimering**: Ons benodig hulp van ongeveer 5 mamma's per klas om te help met die grimering. U hoef niks van grimering te weet nie, ons verskaf die prentjie én die grimering.

Laat weet asseblief dadelik vir Juffrou Christelle (selnr 079 899 6474) as u ons enige van die aande of met die kleedrepetisie kan help.

Kleuterkonsert

**Kaartjies**: R120 per persoon en R50 vir kinders 11 jaar en jonger. Beide konsertaande is dieselfde konsert en alle kleuters tree beide aande op.

U koop nie vir u Tjokkiekleuter 'n kaartjie nie, hulle kyk konsert tydens die kleedrepetisie en bly tydens die konsertaande in die klas. Daar is nog net 80 kaartjies oor per aand. Geen kind mag op 'n ouer se skoot sit nie, aangesien dit die uitsig vir ander gaste belemmer. Verkope reeds oop op Karri.

**Besprekings**: Plekbesprekings geskied deur Karri en het reeds geopen. Bespreekte sitplekke word toegeken in volgorde van die aankoop van kaartjies op Karri. Neem asseblief in ag dat 'n groot aantal besprekings aanlyn **gelyktydig** geskied en dat die stelsel die uitkoms bepaal, ons kan dus nie waarborg op watter plek in die saal u sitplekke bespreek gaan wees nie.

*Die kaartjies word voor/op Dinsdag, 11 November huis toe gestuur.*

**Foto's:** Daar is 'n fotograaf wat individuele en groepfoto's neem. Bestellings geskied vanaf Dinsdag, 18 November en sluit Donderdag, 20 November.

**Video:** Daar is 'n videograaf wat 'n DVD/flash drive beskikbaar sal stel. Bestellings ná die konsert meer inligting volg.

**Verversings:** Dis vir baie ouers moeilik om op die dae van die konsert kos vir aandete voor te berei, daarom bied ons op beide konsertaande 'n *Hoender-mayo wrap @ R32 p/wrap* vir toeskouers te koop aan. Dit is opsioneel en werk slegs op bestelling via Karri. Dit sal nie by die konsert te koop wees nie. Bestellings open 3 November en sluit 7 November. 'n Kaartjie vir die afhaal daarvan sal voorsien word. Dit kan voor óf na die konsert afgehaal word. Vir die Donderdagaand wat die laaste aand van optrede is, kan ouers ná afloop van die konsert in die saal saam kuier en eet.

Ons herhaal weer dat die kleuters tuis 'n broodjie of iets moet eet vóórdat hul skool toe gebring word. Tydens die aand in die klasse kry hul iets ligs soos soutkoekies. Hulle kan nie in hul klasse 'n wrap eet nie, u hoef dus nie vir hul daarvan te bestel nie. Donderdagaand ontvang hul ná die konsert hul konsertpakkie met 'n geskenkie en verversings.

# Kleedrepetisie:

## Maandag 10 November, in skooltyd

- Aantrek en grimering geskied met aankoms by die skool.
- U hoef *geen grimering of onderlaag* tuis aan te sit nie, slegs skoon gesiggies. Vir dogtertjies kan liggies maskara aangesit word.
- Kleuters kom kaalvoet skool toe met hul rooi Kaalvoethempie en hul navy Tjokkiedrag broekie/rompie.
- **Onthou vir die kleedrepetisie moet die haartjies ook reg wees volgens voorskif, aangesien konsertfoto's (individueel en groepe) dan geneem word.**
- Alle kleuters moet teenwoordig wees tydens die kleedrepetisie.
- Alle kleuters moet **voor 8:00** by die skool wees.
- Kleuters gaan in spesifieke aantrek-klasse ingedeel word en u ontvang hierdie lys asook die aanmeldtye vir die aande later.

# Konsert:

## Eerste aand - Woensdag 12 Nov om 18:15

## Tweede aand - Donderdag 13 Nov om 18:15

- Op beide aande meld kleuters op spesifieke gegewe aanmeldtye by hul spesifieke aanmeldklas aan.
- Kleuters kom weer, soos met die kleedrepetisie, met hul rooi Kaalvoethempie en hul navy Tjokkiedrag broekie/rompie skool toe.
- Sit asseblief tuis slegs maskara aan vir dogtertjies, nie ander grimering nie.
- By die skool trek hul kostuums aan en word grimeer.
- Alle kleuters bly in die klasse en word eers aan die einde van elke aand afgehaal. (Die konsert is gewoonlik ongeveer 'n uur en 'n half.)
- Op die dae van die konsert, is daar nie 'n normale skoolprogram nie en kleuters kan tuis bly en uitrus vir die aand. Daar is egter steeds oggendsorg vir kleuters wat nie kan tuis bly nie.
- Middagkleuters moet asseblief op albei hierdie konsertmiddae **vóór 15:30** afgehaal word, om ook rustig tuis gereed te maak vir die aand.
- Alle kleuters moet elke aand tuis iets ligs eet vóórdat hul die aand skool toe kom vir die konsert.
- Deur die aand sal slegs 'n broodjie/koekie vir hongerige magies verskaf word.
- Elke kleuter moet asseblief elke aand 'n botteltjie water met hul naam op saambring!

***Ons sien uit om saam met julle deur die keuters se tuin te stap en na hul stories te luister.***

